

## Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

Ds. PJ Kriel

Hemelvaart

26.05.2022/ 29.05.2022

Inhoud Hierdie preek wys hoe die hemelvaart van Christus vir ons as mense 'n ewige bestemming gee om altyd mens vir God te wees. Dit wys ook hoe Christus se hemelvaart ons nie geestelike ruimte-wesens maak nie.

Skriflesing Handeling 1: 1 - 8, Efesiërs 2: 1 – 10, Kol. 2: 14, 15; Kol. 3: 1 – 3.

Teks Efesiërs 2: 6 “Ja, Hy het ons in Christus saam opgewek, en saam laat sit in die hemelse sfere.”

### Tema Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

1. Is ons bestem om menslike mense in die hemelse sfere te wees of goddelik mense op aarde? Ons kan dit ook so vra: is ons bestemming om mense in die hemel te wees of geestelike ruimte-wesens op aarde te wees?

Die bestemming wat die Here Jesus vir ons ontsluit en by insluit deur sy hemelvaart is die hemel. Dit is tog wat die woord hemelvaart aandui. Sy hemelvaart ontsluit vir ons die hemelse sfere. Daarom is ons as mense en ons menswees nie meer bevang, ingeperk op aarde en uitgesluit en weerhou van die hemelse sfere nie.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig: net een man kan vir ons die hemelruimtes van die kosmos ontsluit. Sou een man dit kon reg kry om na 'n ander sonnestelsel, 'n ander melkweg of galaksie te kan reis, sal hierdie een man se vaart na die hemelruimtes vir ons as mense die hele kosmos toeganklik en bewoonbaar maak. Dan sal ons as mense nie meer ingeperk wees op net een planeet nie, maar sal ons al die biljoene sonnestelsels en galaksies van die hemelruimtes kan bewoon. Bewoon as mense vir wie die hele kosmos toeganklik gemaak is – maar dan moet een mens eers daar uitkom!

Dit is die krag, die werking en betekenis van die Here Jesus se hemelvaart – Hy het deur hierdie vaart vir ons as mense die hemelsfere toeganklik en ons bestemming gemaak.

2. Die woord en gebeurtenis wat die hemelvaart genoem word, moet ons vanuit Handeling 2: 1 en 2 ontdek. “Die eerste berig, Teofilus, het ek geskryf oor alles wat Jesus begin doen en waarom Hy onderrig gegee het, tot die dag wat Hy opgeneem is, nadat Hy deur die Heilige Gees opdragte gegee het aan die apostels wat Hy uitgekies het.”

Volgens Lukas se eie woorde is die hemelvaart van die Here beskryf in sy eerste boek. Dit is die boek wat ons vandag ken as die evangelie van Lukas. Die laaste berig in die evangelie van Lukas was die eerste verskyning van Jesus as mens op die Paassondagaand na Hy Vrydag gesterf het.

In hierdie verskyning stel Jesus dat sy dissipels aan sy hande en voete moet vat en voel dat Hy werklik na sy opstanding uit die dood 'n mens van vleis en bloed is. Hy stel uitdruklik vir hulle dat Hy nie as 'n gees nie. Sy gees het nie uit die graf

Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

opgestaan nie. Hy het as heel mens, as mense van van vleis en bene, vleis en bloed Paassondaggend uit die dood uit opgestaan het.

Volgens Lukas is die dag waarop Jesus opgeneem is na die hemel die Sondaggend met sy opstanding uit die dood uit. Dit is wat die woord en gebeurtenis van die hemelvaart beteken: Jesus het weer as mens lewend, na liggaam, vleis en bloed, siel en gees uit die dood opgestaan en uit die graf opgevaar na die hemel.

3. In Handeling 1: 3 stel Paulus dan vers 3 "Aan hulle het Hy, ná sy lyding deur talle tekens getoon dat Hy leef, toe Hy oor 'n tydperk van 40 dae aan hulle verskyn het en met hulle oor die sake van die koninkryk van God gepraat het."

Wat is 'n verskyning?

'n Verskyning is die lewende Here wat mens van vleis en bloed is in die hemel wat weer op aarde teenwoordig is tussen mense. Ons mag dit nie vir ons so voorstel asof Jesus uit die graf uit opgestaan het en vir nog 40 dae op aarde was en toe eers op die 40 ste dag opgevaar het na die hemel nie.

Die Here het uit die graf opgevaar na die hemel, vir 40 dae verskyn, en toe 'n laaste keer as Paulus verskyn om hom 'n apostel te maak, en toe nooit weer nie. Nou sal Hy eers weer met sy wederkoms as mens aan ons verskyn.

Die hemel waarheen die Here opgevaar het is nie die kosmiese ruimtes van sonnestelsels, melkweë en galaksies nie. Dit wat ons vandag hemelse ruimtes noem is binne die geloof en taal van die Woord van God nog steeds skepping. Die hemel is nie deel van die skepping nie. Die hemel is waar god in sy volle heerlijkheid as God bestaan, buite die ganse skepping en buite die ganse kosmos.

God is nie net God binne sy skepping nie, want Hy was voor sy skepping al God in en deur Homself. Die Bybelse woord hemel beskryf vir ons God in sy heerlijkheid as God buite sy skepping.

Vaart na hemel beteken om soontoe te gaan, nie om getransformeer te word nie. Jesus was nooit as mens na 'n gees transformeer nie. Hy is as mens na die hemel toe. Hy het van die aarde na die hemel gegaan, daarom hemelvaart.

4. Wat is die krag en werking van Christus se hemelvaart?

Hy is die eerste mens wat na Hy dood was, weer mens van vleis en bloed is, en het só hemel toe gegaan en is vandag nog steeds mens in die hemel terwyl Hyself, die Seun God met ons is. Al die ander mense voor Jesus s nou nog net gees in die hemel. Hulle menslike gees is in die hemel.

Paulus noem in Kolossense 2: 15 die hemelvaart van Jesus Christus, sy triomftog!

Ons kan dit weer met ons voorbeeld toelig. Wat sal die reis na 'n ander sonnestelsel of galaksie deur 'n mens, een van ons, wees? Dit sal vir die hele mensdom 'n triomftog wees.

Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

Want hierdie een man se reis sal vir ons alle magte en kragte wat ons inperk om net die aarde te bewoon deurbreek en oorkom, en ons bevry om inwoners van die hemelse ruimtes te word.

Daarom stel Paulus dat Christus alle gesagvoerders en maghebbers wat ons gesluit om mens met God in die hemele te wees, gebreek, oorwin en tot skande gemaak het met sy opstanding uit die dood as mens. Met sy hemelvaart het Hy gewys dat hierdie magte geen mens weer net op aarde kan inperk en gevange hou nie.

Christus het met sy hemelvaart ons hemelse bestemming ontsluit - om vir ewig met God mens van vleis en bloed te wees. Só kondig Paulus dit aan in Efesiërs 2: 6 "Ja, Hy het ons in Christus saam opgewek, en saam laat sit in die hemelse sfere."

Wat Christus met sy opstanding en hemelvaart vir Hom as een mens bewerk het, het Hy vir ons ons bestemming gemaak, om net soos Hy as mense uit die dood op te staan en heel mense, mense na liggaam, siel en gees met God vir ewig te wees.

Om 'n plek saam met Christus in die hemel te hê, is om as mens 'n menslike bestemming buite die skepping te hê, binne in die hemel met God waar God buite sy skepping is.

5. Die gesagte en magte wat ons op aarde ingeperk het, is die sonde en die krag en werking van sonde binne die menslike gemeenskap.

Sonde maak dat ons sterf en net gees is, nie meer mens is nie. Paulus beskryf die hierdie inperkende krag van sonde in 1 Kor. 15: 56 "Die angel van die dood is die sonde." Dit maak dat jy jou bestemming om mens vir God te wees verloor want deur die dood is jy net gees. Daarmee het die mens sy hemelse roeping om vir altyd mens met en vir God te wees verloor.

Alle goddelose magte, gesag en krag op aarde maak die dood hulle mag. Dit is die mag waardeur hulle jou mens laat wees en as jy nie aan hulle onderworpe en gediensig wil wees nie, maak hulle jou dood, 'n gees wat nie meer deel van die aarde is nie. So verseël jou lot deurdat jy as mense net 'n aardes bestaan het en daarna kan jy 'n gees wees wat niks meer met die aarde te doen het nie. Jou menswees is bevange in die sondige kragte en magte van die aarde. Hulle sal jou bestemming as mens bepaal en daarna kan jy 'n gees by God gaan wees. God kan vir jou gees 'n bestemming hê, maar jou menswees is in die hande van die maghebbers van die aarde.

Kan u sien wat het Jesus Christus met sy hemelvaart vir ons bewerk?

Ons bestemming om mens van vleis en bloed te wees, is om net soos Christus mens in die hemel te wees. Ons menslike bestemming is in God, met God. God bepaal ons menslike bestemming, nie ons gees of geestelike bestemming nie.

6. Hoe verander Christus ons lewenswyse op aarde, deur ons menswees 'n ewig bestemming buite die skepping te gee?

Dit is wat Paulus in Efesiërs 2 beskryf!

Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

Volgens ons voorbeeld beskryf hy die verskil tussen mense wat bevange is om vir ewig net op hierdie een planeet mense te wees teenoor mense vir wie die totale kosmos ontsluit is as 'n plek kan gaan, bewoon en bewerk!

Om mens te kan wees in enige sonstelsel, melkweg of galaksie en dit as mense te kan gaan bewoon beteken dat die wyse waarop ons nou hier op aarde mens, is die wyse waarop ons die ruimtes gaan bewoon. Daarom moet ek my menswees hier op aarde koester, gesond hou en op pas en my menslike vaardighede hier ontwikkel want dit is presies waarmee ek in ander sonnestelsels, melkweë en galaksies gaan besig wees – daar mens te wees soos ons op aarde mens. So bewoon ons dan de kosmos, as mense wat besig is met 'n menslike lewe en menslike dinge. So is ons menswees nie net tot die aarde beperk nie.

Iemand wat net vir die aarde leef is vasgevang in die magstryd om net hier mens te wees en daarna gees te wees. Hierdie skeiding van liggaam en siel maak dat die hele mensdom oor die aarde as enigste en laaste leefplek vir mense veg en baklei.

Paulus noem hierdie lewenswyse die lewe volgens die bese lewenswyse van hierdie bedeling, volgens die heerser van die gees wat nou aan die werk is onder die seuns van ongehoorsaamheid! Bestem vir die oordeel – net 'n aardse lewe en dan is jy 'n gees wat geen menslike bestemming meer het nie. (Efe. 2: 2)

Daarom moet jy jou menswees geniet en jou in jou aardsheid oorgee, want jy is net vir 'n rukkie mens en dan is jy 'n gees!

Ingesteld op alles wat die aarde is want dit is jou bestemming en dan is daar geen bestemming meer vir jou as mens oor nie

6. Hierteenoor kom Paulus maak 'n beroep op die gelowiges op 'n nuwe lewenswyse op aarde in Kolossense 3: 1 en 2: “As julle dan saam met Christus opgewek is, streef na dit wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge daarbo, nie die dinge op die aarde nie”

Wat is die dinge wat daarbo is waarna ons moet streef en moet bedink?

Dit is nie geestelike dinge van geeste nie.

Dit is wie Christus as mens vandag van vleis en bloed in die hemel is. Hy het opgevaar na die hemel as 'n heilige en regverdige mens, wie die straf en oordeel van onheilige en onregverdige mense gedra en weggevat het.

Die dinge wat daarbo is waarna ons moet streef en elke dag op aarde moet bedink, is om die lewe te leef wat ons met Hom wat opgevaar het na die hemel vandag saam met Hom te leef.

Ons moet streef na die onskuldige, verheerlikte, geseënde, geliefde mense wat Hy ons vir God laat wees en ons moet bedink hoe Hy ons liefde en diens vir God as mens goed en reg laat wees. Ons moet streef en dink aan die lewe waarvoor ons bestem is – om vir ewig mense van vleis en bloed te wees, net soos Christus!

Dit maak dat ons ingesteld is om elke dag die lewe te leef waarvoor ons deur die hemelvaart van Christus bestem is!

Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

## 7. Dit is net soos met ons voorbeeld!

Waarmee is mense besig wat weet alles wat ek hier op aarde bemeester en kan doen, is deel van 'n lewe wat ek in die hele kosmos kan gaan leef? Hulle fokus om hierdie lewe so te kan leef dat hulle daarmee die kosmos kan gaan bewoon.

Waarmee is mense besig wat weet, ek kan net hier leef en die hele kosmos is vir my ontoeganklik, onbewoonbaar, onbereikbaar en uitgesluit? Hulle leef soos mense sonder enige bestemming buite die skeppingsruimte – ons leef net hier en kan nêrens anders heen gaan nie.

Hulle moet maar hulle hemel op aarde vind!

Dit is die krag en werking van alle wêreldse geestelikhede – hulle glo hulle menswees is ingeperk en beperk tot hierdie aarde en daarom moet hulle hierdie lewe op aarde vir hulle hemel op aarde maak!

Hoe?

Deur goddelike mense op aarde te word. Om goddelike mense op aarde te word is die bestemming van alle afgodsdienste. Dit is hoe hulle aan die dinge op die aarde dink en na die dinge van die aarde streef – om hier op aarde 'n goddelike lewe te leef.

8. Ek wil nou graag vir u wys hoe hierdie ongeloof in die Here se hemelvaart as mens en die hemelse bestemming wat Hy vir ons skep om mense van vleis en bloed met God in die hemel buite die skepping te wees, verander word deur geestelikes na om goddelike mense op aarde te wees.

Hulle maak hierdie verdigsel op – Jesus se hemelvaart is hoe Hy 'n goddelike gees geword het! Jesus het nie as mens van vleis en bloed uit die dood opgestaan en so opgevaar na die hemel toe nie. Hy het sy liggaam in die graf getransformeer na die liggaam van 'n goddelike gees.

En dan beteken liggaam nie meer, menslike vleis en bloed nie, maar net 'n uiterlike menslike vorm waarin sy goddelike gees vertoon word. Dit is wat hulle onder 'n verheerlikte liggaam bedoel. Dit is nie verheerlik omdat dit 'n menslike liggaam van vleis en bloed is, wat sondeloos en onsterflik is as vleis en bloed nie. Hulle sien Christus en ons verheerlikte liggame net as 'n uiterlike vorm waarin 'n goddelike gees leef.

Maar dit is presies wat Jesus vir sy dissipels in sy eerste verskyning wys. Toe hulle aan Hom vat en dink sy vleis en bene is net 'n uiterlike vorm waarin daar 'n goddelike gees is, het hy vir hulle gevra vir iets om te eet en voor hulle oë geëet om te wys sy binnekant is menslike ingewande, nie 'n goddelike gees nie.

Mar hulle maak Jesus se opstanding sy transformasie van mens na goddelike gees en dan maak hulle van Pinksterdag ook totaal heeltemal iets nuuts!

Dit is die dag waarop Jesus sy goddelike gees uitgestort het om binne in elke mens in te kom wat hulle lewe vir god oopmaak sodat hulle nou op aarde 'n goddelike lewe kan leef.

## Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

Dit kan Pinksterdag nooit wees nie. Dit is nie die dag waarop Jesus se goddelike gees op 'n aardse vaart gegaan het nie. Hy het na die hemel opgevaar. Pinkster gaan oor die Heilige Gees waardeur Christus en die Vader ons insluit in ons hemelse bestemming – om ingesluit en deel te wees van wie Jesus Christus as mens in die hemel is.

Ons glo aan Jesus se hemelvaart as mens, nie aan sy aarde-vaart uit die hemel as goddelike gees nie. Ons bestemming is om mense in die hemel en nuwe skepping te wees, nie om goddelike geeste op aarde te wees nie.

Wat is jy wanneer jy 'n goddelike gees op aarde binne 'n menslike liggaam is? Jy is 'n alien, 'n wese van die buitenste ruimte.

Mense wat 'n goddelike gees in hulle kry, leef nie meer 'n menslike lewe op aarde nie. Hulle is nou mense wat 'n die bo-natuurlike lewe van 'n buitenste ruimte-wese op aarde leef. Dit is hoe hulle dit Engels elke dag self verklaar – hulle is nou deel van die supernatural life. Dit is 'n goddelike lewe waar Jesus se kamstige goddelike lewe hulle in die krag, mag, lewe, wil, gesag, liefde en persoon van God laat deel dat hulle deel van van God self!

9. Kan u sien hoe hierdie afgodsdienste ons menslike bestemming verander?

Hulle verander Jesus se hemelvaart van die aarde na die hemel na Jesus se aardse vaart, van die hemel na die aarde. Maar dit is 'n leuen! Jesus het as mens opgevaar om dit ons bestemming te maak om saam met Hom mens van vleis en bloed in die hemel, met God buite die skepping vir ewig te wees.

Waar is jou bestemming as Jesus se kamstige goddelike gees jou goddelik op aarde maak? Dan is jou bestemming – op aarde!

Dan moet God se goddelike gees jou bemagtig om oor die aarde te heers met God se krag ten magte. En dit is presies die lewenswyse van die seuns van ongehoorsaamheid – hulle wat geen hemelse bestemming as mense het nie.

Meer as dit, hierdie lewe van bo-natuurlike wesens maak alle menslikheid op aarde totaal waardeloos. Want met hierdie goddelike lewe leef jy nie meer die lewe meer die lewe met Christus waarvoor jou in die hemel bestem is nie. Intendeel vir hierdie geestelikes het alle menslikheid waardeloos geword vir hulle goddelike lewe waarmee jy God op aarde verteenwoordig – aleins op aarde!.

Met hierdie gewaande Pinstergoddelikheid wil mense saam met God heers en nie meer die diensbare mense wees waarvoor hulle in die hemel bestem is om te wees nie.

Met hierdie Jesus wat van die hemel na die aarde vaar, leef mense nou nie meer hul menslike lewe op aarde as hul hemelse bestemming nie. Hulle wil nou op aarde 'n bonatuurlike goddelike lewe leef. Dit is die nuwe geestelikheid of spiritualiteit van die kerk – 'n lewensvreemde goddelike lewe in god se krag, naam en outoriteit waarmee hulle alle liefde en diensbaarheid waarmee ons ons menslike leef, verdring en vernietig. Snaakse mensvreemde mense op aarde.

Met sy hemelvaart gee Christus aan mense 'n hemelse bestemming

10. Is ons bestem om menslike mense in die hemelse sfere te wees of goddelike mense op aarde?

Dit is die onderskeid tussen hulle wie glo in Christus se hemelvaart as mens en hulle wat glo in sy aardse vaart as goddelike gees!

Die Here het nie die hemel as mens van vleis en bloed opgevaar om ewig mens in die hemel te wees – dit is ons plek en ons bestemming as gelowiges – om saam met Hom as mens mens in die hemel te wees.

Die Here het nie as 'n goddelike gees na sy dood op die aarde afgekom om om mense deel van 'n goddelike lewe op aarde maak nie. 'n Goddelike lewe met die krag, mag, lewe, wil en persoon van God, verontmenslik mense op aarde. Dit maak hulle nie deel van die hemelse roeping deur die hemelvaart van Christus nie.

Gelowiges bedink elke deel van hulle menswees as deel van hulle hemelse plek en roeping – mense vir God vir altyd!

Geestelikes wat Jesus se goddelike gees na die aarde laat afdaal tot binne in hulle – bedink die dinge van die aarde – goddelike magte en klagte oor alles op die aarde

Watter mense is Christene – hulle wat hul hemelse plek en roeping as mense in die hemel bedink of mense wat hul in hul fatalisme oorgegee het dat jy na jou dood nog net 'n gees kan wees – en daarom moet jy 'n goddelike mens op aarde wees?

Hemelvaart – ingesluit in 'n hemel wat ontoeganklik vir mense wat mense is – deel van ons ewige roeping en bestemming, nou op aarde oefen ons ons in ons hemelse lewens wyse.

Ons is nie mense wat goddelike geeste seek wat na ons afdaal om ons vir 'n goddelike lewe op aarde te bemagtig nie. ons is nie buitenste ruimte geestelikes op aarde nie.

Ons gedagtes en strewe hier op aarde is om die menslike lewe met God te leef waarvoor ons bestem is om in die hemel saam met God te wees.